**Donderdag 8 Junie**
**Skrifgedeelte: Genesis 25:19-34**
**Fokusgedeelte: Genesis 25:19-34**
**Wysheid is nodig om die hartseer van weerbarstige kinders te hanteer**

Ons maandtema laat ons nadink oor ons gesinslewe. Die aaklige realiteit is egter dat alle gesinsverhoudinge nie altyd lieflik is nie! Die meeste gesinne sal kan getuig van onmin in gesinne, en veral die hartseer van weerbarstige kinders! Kinders wat net nie inval by die verwagtinge nie.

Tog moet mens eers sê: In die geskiedenis van Jakob en Esau is daar groter dinge as net die "gewone" struwelinge tussen kinders onderling en ouers se worstelinge met hulle kinders. Maleagi 1:2-3, Romeine 9:11-15 (en Heb. 12:16) maak dit duidelik dat daar in die openbaringsgeskiedenis groter sake is waarmee God besig is in die lewe van hierdie twee broers. Die een word gekies (Jakob) as die draer van die verbond, maar Esau word in hierdie verband verwerp. En wat meer is, dit gaan oor die Here se soewereine besluite – sy besluite berus nie op die morele waardes of verdienste (of onverdienste) van een van die broers nie. Beide die seuns is afhanklik van God se genade wat uiteindelik in Jesus sigbaar word. God is besig met 'n groter plan binne die geskiedenis van die twee broers.

Die geskiedenis van Jakob en Esau is aan ons goed bekend. Dit is net eenvoudig so dat hierdie twee broers van die begin af sulke uiteenlopende lewenswaardes het dat hulle net nie oog tot oog kan sien nie! Beide die seuns het morele gebreke – Jakob is 'n bedrieër wat sake in sy eie hande neem. Esau is die een wat gesinswaardes (eersgeboortereg) minag. Esau verkies kos bo sy familieverantwoordelikhede, en Jakob bedrieg sy pa gruwelik in die onderduimse "koop" van die eersgeboortereg. Die gevolg is dat Jakob later moet vlug, en Esau uit is om wraak te neem!

En hierdie wrywing word nie verbeter deur die ouers se optrede nie – beide ouers het witbroodjies. Rebekka het Jakob as witbroodjie, en Isak verkies Esau.

*Gebed: Vader, ons bid besonderlik vir gesinne waar onderlinge spanninge tot groot hartseer aanleiding gee. Ons bid dat alle ouers wysheid sal ontvang in hulle kinderopvoeding, veral as daar spanning tussen hulle kinders is. Gee dat ouers regverdig en sonder om voorkeure te wys, hulle kinders op die pad van die verbond sal begelei. Amen.*

*Sing: Psalm 133-1:1, 2*

*Dr. AJ Krüger (Braam) (Benoni)*